waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 6, NO 6, JUNIE 2000

**REDAKSIONEEL**

# MET TROFFEL EN SWAARD

Omtrent 'n eeu na die begin van die Jode se terugkeer uit die ballingskap lê Jerusalem se mure nog steeds in puin. Die poorte van die stad is vervalle. Vyande het vrye toegang tot die stad van die groot Koning. Hierdie toestand strek nie tot eer van die Here nie.

Nehemia is die man wat die inisiatief neem. Hy inspekteer die puinhope. Vervolgens maak hy saam met die leiers van die volk 'n plan. Hy organiseer die nodige werksaamhede en maak die volk van God bereid om die werk te verrig.

Die bouers ondervind vyandskap van buite die kerk. Erger nog. Een van die vyande woon binne die tempel-kompleks. 'n Priester het daar 'n kamer vir hom ingerig (12:7), in stryd met die wet van God. Verder is daar Jode wat hulle arm broeders uitbuit. Hulle leen geld aan hulle broeders uit om woekerwins te maak (hoofstuk 5). Die kerk wat uit die ballingskap bevry is, deformeer. God se wette word verontagsaam, oortree.

Nehemia neem 'n drievoudige las op sy skouers, te wete: Opbou van Jerusalem se mure en poorte, weerstand teen die vyande van die bou en derdens, maar nie laaste nie: kerkreformasie. Hy verdeel die volk by die opbou van die Godstad se mure in twee groepe: bouers en verdedigers (teen die vyande). Die bouers hanteer die troffel en dra elkeen sy swaard aan sy heup (4:18). Opbou van God se koninklike residensie gaan gepaard met verdediging van die residensie en met voortgaande reformasie van die kerk.

Waaruit put Nehemia die krag om soveel werk en stryd te beplan en uit te voer? Hy is besig in diens van die Here. God sal die nodige insig en krag gee. Nehemia word gestimuleer deur die belofte: 'Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou' (2:20). Ons vind hom dan ook voortdurend in gebed. Hy vra dat die Here sy belofte vervul. Werke word vergesel deur, gaan gepaard met gebede.

Die Here roep ons vandag vir ander take in sy koninkryk. Die boek Nehemia troos en versterk ons. Kerkreformasie, kerkstryd en bouwerk in God se koninkryk gaan saam. Ons doen die een en laat die ander take nie lê nie. Ook die kerk van die 21ste eeu mag en moet by die Woord bly. Ons word geroep om openbare afwyking daarvan openlik te weerstaan, tot behoud van die kerk. Tegelyk besin ons in die lig van die Woord oor ons roeping in die koninkryk. Dié roeping strek so wyd as die lewe.

> *Opbou van God se koninklike residensie gaan gepaard met verdediging van die residensie en met voortgaande reformasie van die kerk.*

Die besprekings in die vergadering van *Waarheid en dwaling* op 3 Junie is in die gees van Nehemia gevoer. Met die troffel in die koninkryk bou, met die swaard aanvalle op die kerk en die koninkryk afweer. Tot eer van Hom wat ons uit die mag van sonde losgekoop en bevry het.

Al is ons getalle klein - Die Here, in wie se diens ons staan - ten spyte van ons oorblywende sonde, swakheid en gebreke - is almagtig. In biddende opsien na Hom mag ons saam met ons broeder Nehemia krag put uit die belofte: Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou. Werk in die koninkryk is nie maklik nie. Dit vereis net soos in Nehemia se tyd sorgvuldige beplanning, organisasie, studie en uitvoering van die werk. En ... saamwerk van almal wat van harte en met mening bid: 'Laat u koninkryk kom'.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**

1 **Redaksioneel**
*Met troffel en swaard*
2 **Skrifoordenking**
*Wyn (3)*
Ds SJMS Smit
3 **Fokus**
*Kosjer lysie vir verbode kansels - 'n reaksie*
Dr AH van den Bout
4 **Op die Kerkerf**
*Kerk en Koninkryk*
Dr JG Meijer
6 **Aktueel**
*Die Bybellennium - reaksie op kritiek*
Ds HLJ Momberg
9 **Verslag**
*Uit die Studie-byeenkoms van 3 Junie*
9 **Mediese etiek**
*VIGS: die pessiekte van die 21ste eeu*
Dr JM Boon
11 **Persskou**
- *Op die hurke en op die skouers*
- *Hoop vir die christelike gesin*
- *Die kerk in die Midde-Ooste*

Ds GJ Meijer

## Redaksionele nota

Die redaksie maak bekend dat een van ons redakteure, ds ALA Buys, weens sy doktorale studie van sy redaksionele pligte onthef word.

Ons maak verder bekend dat ds SJMS Smit van die Gereformeerde kerk Oos-Moot, asook br Adrie Juyn – 'n oud-joernalis – hulle bereid verklaar het om op die redaksie te dien.

Hierdie broeders word hartlik verwelkom in die werk- en leeskring van Waarheid en Dwaling.

Volgende byeenkoms:
***Saterdag 7 Oktober 2000***

Ds SJMS Smit, Oos-Moot

SKRIFOORDENKING

# Wyn (3)

*Johannes 2:4, 11; 13:1*

**'Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie ... Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galilea gedoen; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo ... En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het en Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.'**

'n Mens hoor dikwels preke uit Johannes 2, die bruilof te Kana. Daar, in Kana, doen Jesus een van sy eerste wonderwerke. Hy verander water in wyn. 'n Mens staan werklik verwonderd dat Hy die water-molekulestruktuur in 'n wyn-molekulestruktuur met die beste tannien en suikerinhoud verander. 'n Wonderwerk.

'n Mens hoor veral met huweliksbevestigings preke oor die bruilof te Kana. Dan word daar uitgebrei op hoe hoog Jesus die huwelik ag, dat Hy self daar teenwoordig was, en dat Hy dáár een van sy eerste wonderwerke gedoen het.

Ons wil in ons derde oordenking in die reeks oor hoe die wyn op die nagmaaltafel beland, die aandag vestig op Johannes 2, op hierdie eerste een van sy tekens wat Jesus gedoen het, om vas te stel hoe die nagmaalwyn op die nagmaaltafel beland en watter betekenis dit het.

## Wyn wat smart versoet

Ons het in die eerste oordenking in hierdie reeks daarby stilgestaan dat die wyn op die pasgatafel beland het as verkwikkingsmiddel, opvrolikingsmiddel, om die mens op te vrolik oor die seëninge van die ou verbond wat in die bloed van die besnydenis beteken is. Die wyn wat jou smart versoet.

Jesus is op 'n bruilof in Kana. Daar is wyn op die bruilof. Wyn is die vrug van die wingerdstok, wat God geskep het. Daar is wyn soos dit kultuurhistories 'n gebruik van die Jode was. Daar is wyn om die bruilofgangers op te vrolik. Om hulle op te vrolik oor hierdie instelling van God, die huwelik. Om hulle op te vrolik om te deel in die vreugde van die paartjie vir wie daar rede is om fees te vier.

Jesus is ook daar as genooide gas. Hy is daar ook as die Seun van God, in sy amp as gestuurde Verlosser.

Hy is daar by die feesgeleentheid as Messias, gestuurde van sy Vader, om sy Vader se wil en opdragte uit te voer. Hy mag nie buite sy goddelike opdrag optree nie, al het Hy die vermoë om dit te doen. Hy moet streng en getrou sy Vader se opdragte uitvoer.

## Die wynwonder

Nou is dit sy moeder wat vir Hom 'n opdrag gee. Sy verwag van Hom 'n wynwonder. 'Toe daar wyn kortkom, sê die moeder van Jesus vir Hom: Hulle het geen wyn nie. Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.'

Ons weet meer as wat moeder Maria op die bruilof geweet het. Jesus het na hierdie aarde toe gekom om die groot ware wynwonder te doen. Hy is deur sy Vader *gestuur* om die wynwonder te kom doen. Dit moet Hy op die regte tyd doen. As sy uur gekom het.

Dit is op hierdie punt waar die gebeure in Kana aan die nagmaal verbind word. Jesus antwoord sy moeder, as sy van Hom 'n wynwonder verwag: 'My uur het nog nie gekom nie'. In Johannes 13:1 (die Skrifgedeelte wat die instelling van die nagmaal beskryf) staan daar: 'En voor die fees van die pasga het Jesus, *omdat Hy wis dat sy uur gekom het*', (ons kan die volgende aanvul) die groot ware wynwonder gedoen waarvoor sy Vader Hom na hierdie wêreld toe gestuur het. Toe sy uur gekom het, het Hy God se heilige wyn laat vloei deur sy bloed aan die kruis te stort, oor ons. Oor ons sondes, en om ons te verlos.

Sy moeder verwag *nou* van Hom 'n wynwonder. Nou, drie jaar voor die kruisdood. Dit is die rede waarom Jesus haar vra: 'Vrou, wat het Ek met u te doen'? Wat is dit tussen My en u, dat u aan My die opdrag gee, en dat u bowendien van My 'n voortydige, 'n 'premature' wynwonder verwag? My uur het nog nie gekom nie.

## Openbaring van heerlikheid

Met hierdie woorde verbind Jesus self hierdie wynwonder in Kana aan die groot ware wynwonder waarvoor sy Vader Hom gestuur het en wat Hy moet doen as sy uur gekom het. Hy doen nou tog 'n wynwonder in Kana. 'n Premature wynwonder. Hy doen dit as 'n teken om sy *heerlikheid* te openbaar.

Onder die heerlikheid van die Here kan ons twee dinge verstaan. Dit is eerstens die *kabood Jahwe*. Dit is sy onsienlike, majesteitlike heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie. Geen mens kan hierdie heerlikheid sien en bly lewe nie. Sy hemelse glans word omring deur 'n wolk. Dié wolk het - so weet ons uit die Ou Testament - op die tabernakel, die plek van versoening, neergedaal om God se heerlike teenwoordigheid by sy volk sigbaar te maak.

Hierdie heerlikheid word nie deur Jesus met die wyn-teken geopenbaar nie. Hy toon nie aan die bruilofgangers 'n ligtende wolk nie. Inteendeel, die heerlikheid wat Jesus hier openbaar, is waar die troue Verbondsgod die wolk deurbreek sodat ons iets van die *kabood Jahwe* kan sien. Dit is sy eie Seun. Hy het gekom om iets van die Verbondsgod se teenwoordigheid by en bemoeienis met die mens sigbaar te maak. 'Ons het sy heerlikheid aanskou', sê Johannes in hoofstuk 1: 'n heerlikheid soos van die Seun van God, *'vol van genade en waarheid'*, sy verbondstrou en verbondsliefde.

Dit stem ooreen met die betekenis van die beker. Vol van genade en waarheid. Die heerlikheid van die Here.

Die openbaring van sy heerlikheid lê sekerlik ook daarin dat Hy, die Woord van God, die Seun van

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 70 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

God, mag het om molekulestrukture te verander. Hierdie teken het egter 'n diepere betekenis, 'n betekenis in verband met die nagmaaltafel. Ons sien dit in die bykomstighede tot hierdie teken. Dit gaan inderdaad oor die verandering van water in wyn. Maar die water en die wyn is nie los te maak van die houers waarin dit voorkom nie.

## Reinigingskanne word feeskanne

Daar het volgens die reinigingsgebruike van die Jode ses klipkanne gestaan met elkeen tussen 75 en 115 liter inhoudsmaat. Hierdie kanne is gebruik om die feesgangers wat ver geloop het, se hande en voete te was. Die kanne is daar by die huweliksfees kragtens die voorskrifte van die ou verbond. Reinigingskanne.

Jesus sê vir hulle: Maak die kanne vol water. Hulle het hul tot bo toe volgemaak. Hy sê vir hulle: Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar, die seremoniemeester. Toe hy die water proe wat wyn geword het, sê hy vir die bruidegom: 'Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar jy het die goeie wyn tot nou toe bewaar'.

Wat het hier gebeur? Water is in wyn verander. Ja, maar Christus het ook 'n ander teken gedoen. Hy het Joodse *reinigingskanne van die ou verbond* omskep in *feeskanne van die nuwe verbond.*

Hierdie eerste teken het Jesus op Kana in Galilea gedoen. Hy het daarin sy heerlikheid geopenbaar, vol van genade en waarheid. Hy het geopenbaar dat daar by Hom (in die nuwe verbond) wyn in oorvloed is, verkwikking in oorvloed is, feesvreugde in oorvloed is.

Hierdie feesvreugde lê nie in die reinigingsgebruike van die ou verbond nie. Nee, Hy wat mag het om water in wyn te verander, om reinigingskanne in feeskanne te omskep, Hy het mag om, as sy uur gekom het, die ware rede vir feesvreugde daar te stel. Om verkwikking vir die mens te bring, om sy onreinheid weg te neem, sodat die mens met sy vermoeide siel feesvreugde en vrolikheid mag hê in God se verbondstrou en sy verbondsliefde.

## My beker loop oor

Tussen die pasga-wyn, die wyn wat jou smart versoet, en die groot ware wynwonder as die uur van Jesus gekom het, staan Jesus, die ware wynstok en Hy openbaar: Ek het mag om water in wyn te verander. Ek het gekom om reinigingskanne van die ou verbond in feeskanne van die nuwe verbond te omskep. By my is daar wyn in oorvloed. Die wyn wat jou smart versoet. Glo u dit? Glo u in Hom? Word u smarte in Hom versoet?

In die selfondersoek ontdek ons, as ons erns daarmee maak en eerlik is, baie onreinheid. Sondesmet en sondeskuld, sondevuilheid. Die Heilige Gees lê ons sonde bloot, en Hy ontdek ons sondesmart. Ons het nie net smart oor die sonde nie. Ons het ook smart en droefheid oor die gevolge van die sondeval, ook smart as gevolg van ons moeitevolle arbeid op die aarde wat God vervloek het.

Ons kan ons smart in Christus kom versoet. Hy bied die reiniging van my gewete, die reinwassing van my sondeskuld om rein te kan lewe, elke dag. Ons kan in al ons smarte kom aansit aan sy tafel. Ons mag wyn drink in gemeenskap met Jesus Christus. Ons kan wyn drink, wat Hy, toe Hy wis dat sy uur gekom het, omskep het aan die pasgatafel en aan ons gegee het met die bevel: Neem, drink almal daaruit.

Verlustig u in Hom, Jesus Christus, die heerlikheid van God. Drink uit die beker wat oorloop, danksy God se genade.

---

**FOKUS**

# KOSJER LYSIE VIR VERBODE KANSELS - 'N REAKSIE

**dr AH van den Bout**, Pretoria

Ds ALA Buys van Piet Retief het in *Waarheid en Dwaling* van Mei 2000 'n geldige vraag gestel. Die vraag is of daar by bepaalde kerkrade kosjer lysies bestaan wanneer ander predikante genooi word om op hulle kansels te preek.

Die antwoord op die vraag is ook deur ds Buys gegee. Sy ontdekkende antwoord was *ja*, dit gebeur dat kansels slegs vir sommige predikante oop is. Hy het daaraan toegevoeg: Dit is nie reg nie, want by klassisvergaderings en tydens kerkvisitasie sê ons nie vir mekaar dat ons voorkeurlysies het nie.

Ek sou die probleem egter vanuit 'n ander hoek wil benader en die vraag met 'n ander antwoord wil bevestig. Ja, daar bestaan kosjer lysies by kerkrade en die rede daarvoor is ooglopend.

## Siekte van independentisme

Hoewel daar klassisse en sinodes gehou word, staan die Gereformeerde Kerke (SA) nie saam by dieselfde leer nie. Sinodebesluite word nie as verplig deur alle kerkrade beoordeel en geratifiseer nie. Moontlik weet baie ouderlinge van baie kerkrade nie eers mooi wat by sinodes bespreek en besluit is nie. Tydens klassisse kan almal regop staan en betuig dat ons een is, maar in werklikheid is dit nie so nie.

Die rede hiervoor is die independentistiese neiging wat in die Gereformeerde Kerke en kerkrade ingesluip het soos 'n wolf in skaapsklere. Doen wat jy self wil. Luister na die ander, maar as jy nie saamstem nie, verhef nie jou stem nie en wys mekaar nie tereg nie. Liewers vrede as 'n eerlike, reguit gesprek oor wat reg en waar is. Ons het almal mos 'n stukkie van die waarheid.

## Vanwaar hierdie siekte?

Die probleem met die Gereformeerde Kerke lê presies waar ons in NGB Artikel 29 die kenmerke van die ware kerk bely. Miskien moet daar 'n reeks artikels gewy word aan hierdie kenmerke van die ware kerk, aangesien dit die wese van die kerk van Christus raak. Suiwer woordverkondiging, suiwer sakramentsbediening en suiwer tugbediening.

## Woordverkondiging verswak

Deur die jare het die woordverkondiging verslap tot in vele gevalle 'n kort, horisontaalgerigte eksemplariese preek. In baie gemeentes dwarsoor die land is die verandering só geleidelik ingebring, dat die gewone kerkvolk die oorgang moontlik nie

eers bemerk het nie. Dit is darem ook gerieflik en gemaklik as dominee nie so hard met ons praat nie, en ook nie te lank nie, anders mis ons die krieket op televisie, of die fliek wat om 20:00 begin. Is dit 'n oordrywing van die werklikheid? Ek glo nie so nie. Kerkgang het vir vele 'n sleur geword en prediking iets wat maar gou verby moet gaan.

Het ons predikante dan nie geleer wat ware woordverkondiging is nie, of het hulle maar in die gemaksug verval om gou-gou 'n prekie te maak wat niemand sal ontstel nie? Ek dink laasgenoemde is die geval. Persoonlike ervaring van prediking in al die groot stede van Suid-Afrika het dit deur die jare gewys. Partykeer loop jy met trane in die oë ná die erediens buitekant toe vanweë die leë gevoel wat die prediking gelaát het. Kan en mag 'n kerkraad wat werklik gereformeerd wil wees so 'n predikant op sy eie preekstoel toelaat? Ek glo nie so nie.

Het die kerkraad die plig om by die klassis te praat en standpunt in te neem oor wat suiwere woordverkondiging beteken? Ek dink wel so, ja. Moet die kerkraad tydens kerkvisitasie die prediking weer 'n slag ekstra onder die vergrootglas beskou? Ek dink so, ja. Preekbespreking behoort op elke kerkraad se agenda 'n staande punt te wees. Word dit in ons Gereformeerde Kerke so gedoen? Ek glo dat dit deur baie kerkrade nie gedoen word nie.

Wat is dan fout met ons kerke? Independentisme blyk die siekte te wees. Ons doen wat ons wil. Ons laat ons predikant preek soos hy wil. Ons besluit self of ons sinodebesluite ratifiseer. En julle doen wat julle wil. Ons gun om van mekaar te verskil. As 'n predikant 'n alternatiewe liturgie wil volg met 'n parafrasering van die tien gebooie as voorlesing van die wet en 'n stiltetyd tydens die erediens vir 'n individuele gebed, dan moet dit moontlik wees.

Die antwoord is egter: dit mag nie moontlik wees nie! Ons moet mekaar aanspreek op afwykings in prediking en liturgie. In die kerkverband hang ons immers nie soos los sand aan mekaar nie?

### Sakrament- en tugbediening ly daaronder

Wat is die gevolg van 'n preektradisie, soos dit in ons kerke ontwikkel het? Die antwoord is huiweringwekkend. Die sakramentsbediening word ontheilig en die tug word nie meer suiwer toegepas nie. As daar geen suiwer woordbediening meer is nie, lei dit vanselfsprekend tot 'n verslapping in die kerklike tug. Dobbelary, staatslotery, Sondagsontheiliging, lewens-ontheiliging word nie meer aangespreek as ergerlike sondes waarvan 'n mens jouself moet bekeer nie. As die Woord van God net as voorbeeldjies gebruik word vir ons alledaaglikse lewe, en daar geen verbondsprediking is met verbondsliefde en verbondswraak nie, dan kry die kerkvolk geen vaste kos meer nie. En dan is daar geen groei in geloof en liefde nie. Toesig op mekaar, soos in Matteus 18 van ons gevra, is daarmee heen. Ek kan mos nie vir my broer of suster sê hoe hy of sy moet maak nie? Die kerkvolk is soos 'n kudde sonder herder en die kerk soos 'n gebou sonder fondament.

Wat word dan van die heilighou van die sakramente? Kinders van ouers wat nooit of selde kerk toe kom, kan maar gedoop word. Die ouerpaar word moontlik vermaan, maar kan tog nie verplig word om eredienste by te woon nie. Die dobbelaar sit tog maar aan die nagmaalstafel, want niemand gee eintlik om dat hy dobbel en aan staatsloterye deelneem nie. Die ouderling weet moontlik nie eens daarvan nie, want dit word nie tydens huisbesoek ter sprake gebring nie. Liewers vrede as 'n indringende gesprek oor wat waar en reg is. Los die broer, dat hy tog maar sy kind laat doop. En laat hy tog maar nagmaal toe kom.

### Independentisme moet aangespreek word

Kan 'n kerkraad die luukse veroorloof om 'n kosjer preeklysie aan te hou?

Die antwoord is inderdaad: nee. In dié opsig moet met ds Buys saamgestem word. In die Gereformeerde Kerke mag dit nie so wees nie. Maar die praktyk is ongelukkig anders. Binne ons kerke en binne ons kerkverband moet die kwaad van independentisme eers reggestel word. Daar sal tydens kerkvisitasies, klassisvergaderings en sinodesittings reguit gepraat moet word, al gaan dit ten koste van die liewe vrede. Kerkreformasie is 'n deurgaande proses, kerksuiwering 'n deurgaande noodsaaklikheid. *Ecclesia semper reformanda et puranda.*

Eers nadat ons werklik 'n eenheid is en die siek plekke uit die kerke en kerkverband uitgesny het, kan daar weer werklik oop kansels wees. Tot dan het die kerkrade die plig om toe te sien dat die kerkvolk wat aan hulle toevertrou is, nie mislei word nie. Hulle het die plig om te weet hoe elke predikant binne die klassis of kerkverband staan. Daar kan geen eenheid wees wanneer independentisme bly voortbestaan nie.

---

**OP DIE KERKERF**

## TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (2)

# KERK EN KONINKRYK

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Die openingstoespraak in die vergadering van *Waarheid en dwaling* op 3 Junie het oor die bostaande onderwerp gehandel. Vier belangrike aspekte van die onderwerp is aan die orde gestel om ons in die bediening van ons amp van gelowige te stimuleer. Hier volg die weergawe van die eerste helfte van die toespraak.**

Die kerk en die koninkryk van God. Dit is 'n omvangryke onderwerp. Slegs enkele aspekte van die verhouding tussen kerk en koninkryk kom hier ter sprake. Die bedoeling hiermee is om ampsdraers in en lidmate van die kerk tot aksie in die koninkryk aan te spoor, tot eer van God.

Ons staan agtereenvolgens stil by God se openbaring oor die *Koning*, die *wet*, die *sentrum* en die *burgers* van die koninkryk.

### Die Koning

Onse God is die Koning van die heelal. Die hele Bybel getuig daarvan. Die Psalms sing daaroor. 'Die HERE is Koning; Hy is met hoogheid bekleed. Die HERE is bekleed, Hy het Hom met sterkte gegord. Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie. Vas staan u troon van ouds af; van ewigheid af is U... Die HERE is Koning; laat die volke bewe! Hy troon op die

gerubs; laat die aarde sidder! Die HERE is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke.'[1]

God regeer sedert die opstanding en hemelvaart van ons Here Christus deur Hom. Talle profesieë het dit reeds aangekondig. 'Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit, totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.'[2] God salf sy Seun as Koning.[3] Dawid besing sy seun, die Messias-Koning, as sy heer.[4]

Selfs die tydstip van die Heiland se troonsbestyging is al in die profesieë van Daniël bekend gemaak. Hy 'het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae ... En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie'.[5] Die Heiland se hemelvaart, sy koms met die wolke na sy Vader, is sy feestelike troonsbestyging. Hy ontvang die ereplek in die hemel, aan die regterhand van sy Vader.

Sedert sy opstanding en hemelvaart het die Heiland ''n naam bo elke naam'.[6] Hy is 'die Owerste oor die konings van die aarde', 'die Koning van die konings en die Here van die here'.[7] Aan Hom 'is gegee alle mag in die hemel en op aarde'.[8] Hy breek die boek met die sewe seëls oop.[9] Ons Verlosser stuur die geskiedenis na die jongste dag. 'Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het ... En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.'[10] Die tydperk van die hemelvaart tot die jongste dag word gekenmerk deur Christusheerskappy. Ons Messias - ons Koning. Wat doen Hy in sy koninklike regiment? En wat verwag die Messias-Koning van sy volk in die kerk en in die lewe van elke dag?

*Die Koning is in beheer*

Twyfel aan God se beheer neem in ons postmoderne tyd voortdurend toe. Vrae daaroor kom die afgelope jare gereeld in boeke en in dagblaaie na vore. Hierdie vrae gee uiting aan kritiek op die Here se doen en late. Mense beoordeel God in plaas daarvan dat hulle hul deur Hom laat beoordeel. Hulle verhef hulleself tot gode.

Nie enige skepsel nie, nee, Christus is die Hoof van alle dinge.[11] Hy sit aan die regterhand van God. Hy betoon Hom daar as die Hoof van sy christelike kerk. Deur Hom regeer die Vader oor alles, ja oor alles.[12] Voor- en teëspoed kom van Hom. 'Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?'[13] God sê: 'Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen'.[14]

Christus-in-beheer. Hy maak die boek van God se raadsbesluit oop. Hy stuur die wit, rooi, swart en vaal perde uit die hemel aarde toe. Verbondsgerigte volg na afwysing van sy evangelie.[15] Wie ore het om na Hom te luister, sien sy hand in oorloë en allerhande rampe. Gelowiges 'deel' met ongelowiges in die onheil wat van Bo kom. Hulle Heiland vertroos hulle, terwyl Hy hulle tugtig. Hy laat hulle deur alles heen as sy duur gekoopte eiendom lewe. Sy tugtiging lewer naderhand ''n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is'.[16]

Christus-in-beheer. Die nadruk val op aksie in en vanuit die hemel. Ons is hier in die atmosfeer van God se voorsienigheid. Die verheerlikte Messias span aardse magte, die natuur, ensovoorts in om seëninge te skenk en vonnisse te voltrek. Die Here verwag van sy volk dank vir sy seëninge en aanvaarding van tugtiging deur as geregverdigdes te bly lewe.

*Die Koning regeer*

Die Messias is nie alleen in beheer nie. Hy regeer oor alle mense. Almal lewe onder sy heerskappy. Hy stel elkeen verantwoordelik vir sy en haar dade. Hy het reg op almal se diens in gehoorsaamheid. 'Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! Dien die HERE met vrees, en juig (in julle hoë ampte) met bewing. Kus die Seun (onderwerp julle aan die Messias-Koning), dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie.'[17] Hy wat alle mag in die hemel en op aarde het, roep sy kerk om dissipels van al die nasies te maak. Hy beveel: 'Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle (koninklik) beveel het'.[18]

Christus regeer. Hy vra onderwerping, gehoorsaamheid. Ons dink hier nie aan sy *voorsienige bestel* van alles nie. Hier kom die *verbond* in die prent. Die genade-verbond met sy beloftes en koninklike opdragte.

Die Koning-in-beheer maak sy volk in voorspoed dankbaar en in teëspoed geduldig. Hulle aanvaar gelowig wat Hy doen. Die Koning wat regeer, span sy volk in. Hy leer hulle die gebed: 'Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp'.[19] Hy gee hulle op hierdie gebed insig in die diep en wye betekenis van die wet van sy koninkryk. En die Koning lei hulle - sondige mense uit hulleself - deur die Heilige Gees om die wet van die koninkryk in die daaglikse lewe uit te voer.

## Die rykswet

Koning Christus verstrek sy opdragte in sy rykswet. Die wet van die koninkryk is die hele Woord van God. Die nasies moet leer om alles te onderhou wat Christus beveel het. Alles. Sy woorde berus op die Ou Testament en word in die hele Nuwe Testament geopenbaar.

Die vraag kom na vore: Wat behels die erkenning en eerbiediging van onse Koning? Wat hou die lewe ooreenkomstig sy rykswet in? Om die vraag te kan beantwoord moet ons eerstens aan die opbou van die Skrif en tweedens aan die grondwet in die Skrif kortliks aandag gee.

*Die opbou van die Skrif*

Die Skrif is die Boek wat oor meer as duisend jaar tot stand gekom het. Die 66 Bybelboeke vorm 'n eenheid. Hulle almal saam is die een Woord van God.

Die torah, die vyf boeke van Moses, is die fondament. In die tydperk wat Genesis 1-11 beskryf, skenk die Here sy openbaring

---

1 Ps 93:1-2; 99:1-2; vgl. onder meer Ps 94-98.
2 Gen 49:10.
3 Ps 2.
4 Ps 110; vgl. Matt 22:43-45.
5 Dan 7:13-14.
6 Fil 2:9.
7 Op 1:5; 19:16.
8 Matt 28:19.
9 Op 5-6.
10 1 Kor 15:25-28.
11 Ef 1:22.
12 HK, antw. 50.
13 Am 3:6.
14 Jes 45:6-7.
15 Op 6:1-8; sien oor die verbondsgerigte laas maand se artikel in hierdie rubriek.
16 Heb 12:11.
17 Ps 2:10-12.
18 Matt 28:19.
19 HK, antw. 123.

aan almal. Sy boodskap van heil gaan na die sondeval universeel, na alle mense, uit.

Die mensheid verbeur hierdie voorreg deur sy toringbou in Babel. Die wêreldbevolking word swaar gestraf. God gee na die toringbou sy verdere openbaring voorlopig aan een volk, die volk van Abraham. Al die ander volke? God stuur hulle uit Babel weg, die wye wêreld in, sonder sy woord. 'Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie.'[20] Die lang eeue van die roeping van Abram tot die uitstorting van die Heilige Gees? Die Skrif sê: God 'het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel'.[21]

In daardie donker tyd vir die nasies ontvang net een volk God se voortgaande openbaring. Die evangelie kom eeue lank net deur die sluis van Israel. Na die uitstorting van die Heilige Gees laat die Here sy Woord weer universeel na alle volke uitgaan, soos in die eerste periode van die mensheid-geskiedenis.

Die nuwe bedeling bring groot veranderinge in die 'samelewing'. Israel onder die ou verbond was die kerk van die komende Christus. Die nasie het bestaan uit die verbondsvolk. Daarbuite: die wêreld van die heidendom. Die kerk word na die dag van Pinkster versprei oor die hele aarde.[22] Die kerkvolk woon en werk te midde van mense wat die Woord nie ken nie of dit in ongeloof verwerp.

Die gemeenskap van die heiliges is die ware gemeenskap (*koinoonia* in die Skrif). Tussen regverdiges en goddeloses wat saam werk, bestaan daar nie 'n werk*gemeenskap* in die skriftuurlike sin nie, maar slegs 'n *saam-wees* (*sunousia*) in werksomstandigde. Die saam-wees van gelowiges met hulle wat die Woord nie ken en wil ken nie, is een van die kenmerke van God se volk in die einde van die eeue. Owerhede het nie die reg om al die goddeloses in hulle land op grond van Ou Testamentiese wette uit te roei nie. Verskeie wette waarvolgens in Israel - die kerkstaat - die doodstraf opgelê is,[23] geld nie meer in die nuwe bedeling (die saam-wees van gelowiges en ongelowiges) nie. Gelowiges word nie voor die jongste dag uit die wêreld weggeneem nie.[24] Onkruid en koring moet 'saam groei tot die oes toe'.[25]

Die kerk *in* die wêreld moet dié wette wat op die ou Israel - *afgesonder van* die wêreld - afgestem was, in die nuwe Godgegewe situasie verstaan en uitleef. Dit verg diepgaande Skrifstudie van ons professore in die teologie, ons predikante en van die lidmate.

*Die grondwet in die Skrif*

Die grondwet van die koninkryk is die dekaloog, die tien woorde van die verbond.[26] Moses hou hieroor sy deur die Gees geïnspireerde afskeidspreek. Die Here openbaar in Deuteronomium hoe die tien gebooie die hele lewe van Israel bestryk. Die volk onder die ou verbond leer om in alles, ja in alles na die komende Christus op te groei.[27]

Ook vir ons, die volk van God in die nuwe bedeling, is Moses se preek in die boek Deuteronomium van onskatbare waarde. Die moderne 'samelewing' is weliswaar veel komplekser as dié van Israel in die ou bedeling. Die volk van God lewe bowendien midde-in 'n wêreld wat van God en sy gebod niks wil weet nie.

Verskille tussen toestande in die verlede en die hede moet in ons Bybelstudie ten volle gehonoreer word. Twee belangrike vrae moet by die bestudering van die boek Deuteronomium aan die orde gestel word:

- Hoe moet ons, kerk in die wêreld, gehoorsaam die wette betrag, wat God aan sy volk in afsondering van die heidendom gegee het?
- Hoe moet ons die wette van Deuteronomium wat veral op 'n agrariese samelewing gerig is, in die moderne industriële en inligting-era betrag?

Met ander woorde: Wat leer die Here in Deuteronomium om sy kerk van die nuwe bedeling in alles, in al hulle doen en late, na Christus te laat opgroei? Hoe moet ons die Ou Testamentiese wet in Nuwe Testamentiese lig verstaan?

Die Here skenk - ook ter beantwoording van hierdie vrae - voorgangers aan sy volk onder die nuwe verbond. Hy stel leer- en regeerampte in. Hy dra sy ampsdraers op 'om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk'[28] in sy kerk en koninkryk.

Die kerk is in die koninkryk van God en van Christus ryksentrum. Die lidmate van die kerk is die burgers van die ryk. Die kerk en die burgers beklee hoë posisies onder Koning Christus. Daaroor besin ons DV die volgende maand.

[20] Ps 147:19-20.
[21] Hand 14:16.
[22] Matt 28:18-20; vgl. NGB, art. 27.
[23] Vgl. wette oor doodstraf in die Pentateug en onder meer Ps 101:6-8.
[24] Ooreenkomstig die voorbede van Christus in Joh 17:15.
[25] Matt 13:30,36vv.
[26] Sien die eerste dele van Eks 20 en Deut 5.
[27] Vgl. Ef 4:15.
[28] Ef 5:11-12.

AKTUEEL

# DIE BYBELLENNIUM - REAKSIE OP KRITIEK

## *'n Ope brief oor 'n openbare aangeleentheid*

**Ds HLJ Momberg,** Pretoria

Na aanleiding van die reeks artikels wat uit my pen oor die Bybellennium verskyn het, het een van die medewerkers daarvan, te wete dr Wim Vergeer, my persoonlik genader oor enkele sake betreffende my kritiek op sy bydrae as medewerker in die Bybellennium. Dr Vergeer is ongelukkig en voel te na gekom oor twee pertinente opmerkings wat rakende sy kommentariëring in die Timoteus-briewe gemaak is. Die een is dat ek geskryf het dat die kommentator die sosio-kulturele gegewens wat hy as die bepalende gegewens laat dien het om die taak en plek van die vroue, destyds in Efese, te beskryf, sou versin het.

Wat hom betref is dit onbillike kritiek wat nie op die waarheid berus nie, aangesien hy juis moeite gedoen het om die beskikbare manuskripte en opgrawings aangaande Efese na te vors. Dit is dus nie waar dat hy sy perspektiewe oor Efese, byvoorbeeld dat dit lewensgevaarlik was as iemand anders sou optree in die samelewing as wat die gestelde standaarde van die stad was, self uitgedink het nie. Gevolglik dat sy uitspraak

dat Paulus se onderdanigheidsopdragte aan die vroue van die gemeente beteken het dat die gemeente ter wille van die christelike getuienis van vrede, nie in stryd met die gangbare reëls van die stad moes gaan nie, gebaseer is op die sosiokulturele navorsing wat uit die beskikbare bronne oor Efese bekom is.

'n Tweede opmerking is na aanleiding van sy gebruik van Galasiërs 3:28 wat hy verklaar het as dat Paulus met hierdie teks man en vrou gelyk voor Christus maak. Intussen het ek in my kritiek op hierdie kommentaar beswaar gemaak dat die kommentator nie eers die gewone Griekse woordeboek geraadpleeg het nie, want daar staan in die teks geskrywe dat man en vrou nou in Christus een is. Weereens maak dr Vergeer beswaar teen hierdie opmerking omdat hy meen dat hy verskeie Griekse woordeboeke op hierdie punt geraadpleeg het en dat sy vertaling beslis een wettige moontlikheid is.

Hy meen dat sy integriteit as wetenskaplike op hierdie wyse onverhoord geskaad is aangesien met onwaarhede kritiek gelewer is.

Teenoor dr Vergeer trek ek enige en alle stellings wat ek in bogenoemde voorbeelde geskryf het wat nie met die waarheid klop nie, onvoorwaardelik terug.

Juis uit erkentlikheid dat dr Vergeer my mede-gereformeerde broeder in die Here is, die volgende dringende opmerkings:

Dr Vergeer het homself bereid verklaar om sy wetenskaplike vertrekpunte asook sy beskouings oor sy post-modernistiese benadering in 'n openbare forum te beredeneer. Ek wil deur hierdie medium aan hom dus die geleentheid stel om die openbare podium te betree.

Die aanvegbare uitlatings wat hy in sy kommentaar op 1 Timoteus gemaak het, loop (bedoeld of onbedoeld?) in een heldere lyn met die kommentaar wat ook op ander prominente plekke in die Bybellennium geskryf is aangaande die plek van die susters in die geïnstitueerde kerk van God. Dr Vergeer en die ander kommentators stem in die kern van die saak kenmerkend ooreen. Die Bybelteks in sy direkte verbande word deur hulle misken en verbygaan. Hoe? Hulle heg onder meer aan sosiokulturele gegewens ten minste dieselfde waarde as die bybelteks. Sodoende verhef hulle in die kommentariëring buitebybelse gegewens (hoe goed dit ook al nagevors is - dit het vir die doeleindes van die argument geen waarde nie) tot die finale sluitsteen, die finale hermeneutiese sleutel om die teks te laat sê wat dit self nie sê nie.

In my boekbespreking het ek by hierdie punt aangetoon dat dr Vergeer die vereistes wat Paulus beskryf vir iemand om 'n diaken te kan wees, gewoon verswyg. Paulus het sy geïnspireerde voorskrifte oor die gedrag van vroue laat dien midde in die voorskrifte vir die vereistes van diakens. Enkele van die vereistes vir iemand om in die diakenamp te mag dien, is onder andere dat so 'n persoon die man van een vrou moet wees asook dat hy sy eie huis goed moet regeer. Met dr Vergeer se kommentaar het hy nie die siening van die teks nie, maar 'n ander siening (wat ook by die feminisme te kry is), verkondig toe hy geskryf het dat die dinge wat Paulus van die vroue sê ten minste beteken dat hulle in die diakenamp gedien het.

As dìt wat dr Vergeer hieroor nagevors het, die waarheid moes wees, dan het Paulus homself onder inspirasie van die Gees in minder as tien woorde weerspreek. In 1 Timoteus 3 stel die Heilige Gees as 'n vereiste by beide die ouderling- en diakenamp dat hulle die man van een vrou moet wees. Hierdie vereiste word nie gestel vir die vrouens nie. Omdat hulle nie 'die man van een vrou' kan wees nie, kom hulle nie vir die diakenamp in aanmerking nie.

Verder merk ek nie in sy kommentaar op hierdie saak hoe hy homself verantwoord teenoor vele erkende kommentare asook akademiese artikels en boeke in die kerkreg wat uit gereformeerde oord hieroor gepubliseer is nie. Hulle skryf geheel ander dinge as wat dr Vergeer skryf. Waar 'n mens direkte Skrifgegewens by die bepaling van die betekenis van 'n Skrifgedeelte ignoreer, of ook prominente eksegetiese arbeid wat uit gereformeerde oord gepubliseer is, negeer, is dit nie alleen teologies onwetenskaplik nie, maar dit is onverbloemde Skrifkritiek. Dis die tipiese manier waarop sektes die Bybel verklaar.

Verder het ek aangetoon *wat* dr Vergeer wel as hermeneutiese sleutel gebruik. Hy het op p 1635 geskryf: 'Die **destydse persepsies** (beklemtoning oorgeneem) oor die vrou speel dus *die deurslaggewende* (my beklemtoning) rol in die verstaan van hierdie voorskrifte.' Met hierdie uitspraak het ons met naakte dogma van Skrifkritiek te doen. 'n Interessante beskrywing van hierdie kettery vind ek in 'n artikel van Prof H. Wayne House van die Teologiese Skool Dallas in 1988 oor die betekenis van Gal 3:28 waar hy verduidelik hoe die teologie van die feminisme te werk gaan om dié tekste te verklaar wat blykbaar die gelyke rolle van manne en vroue in die kerk afwys. Hy skryf: 'The predominant ways in which this is done are (1) to deny the Pauline authorship of texts viewed as "antifeminist"; (2) to consider that Paul intended the texts to be temporary in nature, either because of the cultural dimension of the setting or because of local church problems; or (3) to say that the apostle struggled to overcome his chauvinistic background as he strove to express the Christian ideal.'

Dr Vergeer maak in sy kommentaar van die uitspraak in metode nommer 2 hierbo gebruik.

Hierdie uitspraak bots direk met ons Nederlandse Geloofsbelydenis art 5 wat lui: 'Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.'

Die bogenoemde uitspraak is ook strydig met art 7 wat lui: 'Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is (1Joh 4:1). En: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie (2 Joh 1:10).'

Kortom toegepas op ons diskussie: Die destydse persepsies oor die vrou verskaf beslis *nie* die deurslaggewende rol vir die

verstaan van Paulus se voorskrifte oor die vrou *nie*. Mens moet eers bogenoemde belydenisartikels as ongeldig bewys voordat so 'n bewering nie as 'n kettery beskou hoef te word nie.

Met 'n uitspraak soos hierdie het hy (na aanleiding van die hedendaagse teorie van die sosio-historiese benadering in die hermeneutiek) die buitebybelse gegewens laat heers oor die teks sodat dit die teks van sy betekenis binne die konteks beroof.

Daarna het dr Vergeer op p 1635 in 'n donker gedrukte kommunikasieblok sy navorsingsresultate (wat uitkom in katagoriese bewerings waarvan ek die relevansie vir die doeleindes van die betekenis van die teks bevraagteken) oor die kultuur-historiese persepsie van die vrou in daardie tyd weergegee. Hy het onder andere by 'n derde puntjie aan die einde van daardie kommunikasieblok met beslistheid verkondig: 'Paulus beklemtoon dat mans en vroue in Christus **gelyk** (beklemtoning oorgeneem) is (Gal 3:28).' Nou is dit werklik nie moeilik om met 'n goeie raaiskoot die verwantskappe van sy vertolking van Paulus se siening met soortgelyke vertolkings bloot te lê nie. Ek erken dus dat hy waarskynlik nie net self tot hierdie konklusie gekom het nie. In 'n artikel deur Prof JJJ van Rensburg en P Moller wat in *In die Skriflig* (32[1] 1998: 69-84) verskyn het, is reeds hierdie interpretasie van Paulus se uitspraak in Gal 3:28 gemaak op grond van sosio-kulturele navorsing oor die stratifikasiestelsel en onderskeid van die verskillende stande in die gemeentes van Galasië. In die betrokke artikel is die Griekse teks op so 'n wyse geïnterpreteer dat Paulus feitlik iets heeltemal anders in die pen gelê word as wat hy gekryf het. Die professor en sy medeskrywer se interpretasie van die geïnspireerde teks, het die teks self onherkenbaar gemaak. Daar is sommige dinge weggeneem - en daar is ander dinge toegevoeg. Paulus het geskryf

> 28 ouk eni Ioudaios oude Hellèn, ouk eni doulos oude eleutheros, ouk eni arsen kai thèlu. **pantes gar humeis eis este en Xristooi *I*èsou**
> (my beklemtoning in vetgedruk lees:
> maar julle is almal [een] [in Christus Jesus]).

Volgens Janse van Rensburg en Moller se interpretasie moet daar eintlik staan:

> pantes gar humeis homoioos este pros ton Theon
> (maar julle is almal [gelyk] [voor God])

Van Rensburg en Moller het eenvoudig met hulle buitebybelse navorsing die Bybel opnuut herskryf! Kan 'n sterflike mens so iets regkry sonder 'n buitengewone maat van verwaandheid en sonder uiterste arrogansie?

Dr Vergeer lê nou in sy kommentaar in die Bybellennium vir Paulus presies dieselfde verwronge woorde in die mond deur te skryf: 'Paulus beklemtoon dat mans en vroue in Christus gelyk is (Gal 3:28).' Nou moet die lesers my hierdie opmerking maar asseblief vergewe, maar as 'n student die Grieks op so 'n wyse vertaal soos wat hulle dit interpreterend verwring, sal hy nie net rooi kringe kry nie, maar dit sal ook met goeie reg aan hom gevra kan word of hy dan wel 'n Griekse woordeboek geraadpleeg het.

Sonder om in detail op die betekenisverskille in te gaan, is dit in die eerste plek oneerbiedig en oneerlik om op so 'n wyse met die Bybelteks om te gaan. Dit is my groot beswaar teen die kommentaar van die Bybellennium, ook soos dit in hierdie bogenoemde gevalle deur dr Vergeer gedoen is. Daar is oneerlik met die Bybelteks omgegaan. Die verklaring was dus nie in Gees en in waarheid nie. Ek wil graag aanvaar dat dr Vergeer (anders as moontlik sommige ander deelnemers aan die Bybellennium) wel nog die Bybel as die geïnspireerde Woord van God aanvaar soos hy 2 Tim 3: 16 e.v. verklaar het. Een van die besliste betekenisse van die belydenis oor die inspirasie, is noodwendig die ewige geldigheid daarvan. Jesus het hieroor gesê dat geen jota of titteltjie van die tora sal verander nie. As ons bely dis geïnspireerd, dan verklaar ons dat dit steeds goddelik geldig is soos dit gegee is. Maar dan moet dr Vergeer erken dat sy verklaring van bogenoemde gedeeltes òf bots met sy Skrifbeskouing - en dit in die openbaar regstel, òf dat sy Skrifbeskouing bots met sy ondertekeningsformulier. Daar is 'n besliste verskil tussen **een** in Christus (soos die Skrifteks van Gal 3:28 lui), en **gelyk** voor God (soos Van Rensburg en Moller vertolk en soos Vergeer met beklemtoning in Paulus se mond lê).

> *Daar mag nie in die ware kerk van Christus ruimte vir die helfte van die waarheid wees nie*

Hierdie manier van Skrifuitleg is 'n voorbeeld van die spreekwoordelike adder van Skrifkritiek wat ons besig is om aan ons boesem te koester. Daar mag nie in die ware kerk van Christus ruimte vir die helfte van die waarheid wees nie. Wanneer ons in ons interpretasie van die teks van die Skrif afwyk en met 'n agenda wat sekere doelwitte voor oë het, doen ons dan ietwat anders as die één wat al in die paradys met Iis gevra het of God gesê het dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie? Doen ons dan enigsins anders as wanneer selfs een van die dissipels na 'n duidelike Godsopenbaring in 'n onbewaakte oomblik die messiaanse werk van Jesus teengaan?

Is dit nou ons roeping om die geeste op die proef te stel? En is dit dan nie so dat ons 'n worstelstryd, 'n konflik met die bose geeste in die lug moet onderneem, met oorlogswapenrusting aangetrek nie? Oorlog maak (polemeoo/polemiek) is 'n noodwendige opdrag van die Here aan sy strydende kerk (*ekklesia militans*) tot en met die wederkoms van Christus. Ons is immers nie geroep om van die teks af te wyk en sodoende mekaar se ongeloof op te bou nie. Ongeloof moet met mening afgebreek word sodat die gelowiges hulleself in die allerheiligste geloof kan opbou (Judas:20). Ek hoop van harte dat dr Vergeer die gevare van 'n hermeneutiek wat buitebybelse gegewens (gegewens wat nie in die teks voorkom nie, maar wat mens uit die *'Umwelt'* haal) laat heers oor God se geïnspireerde Woord, mag insien en afwys.

# Uit die Studiebyeenkoms van 3 Junie

Op Saterdag 3 Junie is 'n byeenkoms gehou waartydens besin is oor die tema 'Kerk en Koninkryk'. Dr JG Meijer het 'n referaat oor die tema gehou. Die hoofpunte van sy referaat was: die Koning van die koninkryk,die wet van die koninkryk, die sentrum van die koninkryk en die burgers van die koninkryk. Die verhouding tusen kerk en koninkryk is eweneens duidelik uitgespel. Die referaat word verder uitgewerk in 'n artikel-reeks, wat DV gedurende hierdie en die volgende maand in *Waarheid en Dwaling* gepubliseer sal word.

Benewens die bespreking van die tema, is daar terugvoer ontvang van die verskillende studiegroepe wat besig is om ooreenkomstig God se koninkrykswet navorsing te doen oor spesifieke temas.

Die mediese studiegroep onder leiding van dr Hanno Boon het enkele aktuele onderwerpe onderskei, onder andere pasiënt geassisteerde selfmoord, op die regs-mediese gebied die kwessie van ingeligte toestemming, en die kwaliteit van lewe. Die groep beplan seminare oor die onderwerpe. Die vergadertye asook die seminaarbesonderhede sal in *Waarheid en Dwaling* deurgegee word.

Die staatkundige studiegroep onder leiding van ds Wikus Buys beplan om al die gereformeerde parlementariërs by mekaar te kry sodat vrae wat die gelowige politici beleef, aangehoor en aangespreek kan word. Daar word ook beplan om dr Rouvoet se byeenkoms by te woon wanneer hy Suid-Afrika DV in Augustus besoek. Dr Rouvoet is van die RPF (die Reformatoriese Politieke Verbond in Nederland).

Die studiegroep oor die regte onder leiding van dr Anton van den Bout is besig om met verskeie regsgeleerdes kontak te maak, sodat hulle studiewerk op 'n breë basis aangepak kan word.

Die teologiese studiegroep onder leiding van ds Gerard Meijer het begin deur aan die hand van die tien gebooie, soos uitgewerk in die boek Deuteronomium, en bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34 tot 44, God se koninkrykswet te bestudeer, soos wat dit van krag is in die ganse lewe. Die bedoeling is om eersdaags 'n reeks artikels in *Waarheid en Dwaling* hieraan te wy.

Die onderwys-studiegroep onder leiding van mnr Pieter Bisschoff, die skoolhoof van die Gereformeerde Laerskool Dirk Postma, kon tot op dese nog nie vergader nie. Binne skoolverband is daar egter reeds baie navorsing gedoen oor 'n verskeidenheid onderwerpe, waarvan die neerslag DV binnekort gepubliseer sal word.

Tydens die byeenkoms is daar vervolgens oorgegaan tot die daarstelling van 'n Stigting. Die Stigting koördineer die studiegroepe, en is verantwoordelik vir die administrasie van *Waarheid en Dwaling*. Die Stigting bestaan uit 'n voorsitter/direkteur, 'n adjunk voorsitter, twee lede van die redaksie van *Waarheid en Dwaling*, twee lede wat deur die uitgewers van *Waarheid en Dwaling* – Printburo – benoem word, asook twee addisionele lede.

Die bestuur van die Stigting is soos volg verkies: dr AH van den Bout (voorsitter), dr JG Meijer en ds GJ Meijer (redaksielede van *Waarheid en Dwaling*), mnr Sip Drijfhout en mev Hanneke Das (Printburo), dr AH Bogaards en dr Douw Breedt (addisionele lede in raadgewende hoedanigheid).

Dit word aan die bestuur van die Stigting oorgelaat om self die portefeuljes te verdeel, hulle eie program daar te stel asook om te besluit op die naam van die Stigting. Die vergadering adviseer dat 'n keuse deur die bestuur gemaak moet word tussen 'Stigting kerk en koninkryk' of 'Stigting kerk in koninkryk'.

Oor die naam van die blad is eenparig besluit om dit onveranderd *Waarheid en Dwaling* te hou.

'n Nuwe redaksie vir *Waarheid en Dwaling* word aangewys. Die name van die nuwe redaksie verskyn onder die redaksionele nota.

'n Volgende byeenkoms word beplan vir Saterdag 7 Oktober 2000, vanaf 09:00 tot 12:00 by die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort.

---

**MEDIESE ETIEK**

# VIGS: die pessiekte van die 21 ste eeu

**Dr JM Boon,** Pretoria

**Die belang van VIGS word geïllustreer deur die geweldige voorkomssyfer daarvan in Sub-Sahara Afrika. Meer as 50% van die wêreld se HIV/VIGS pasiënte kom in ons deel van die wêreld voor. Die gemiddelde lewensverwagting van 'n kind wat vandag onder die ewenaar in Afrika gebore word, is 50% minder as 'n kind wat in Europa gebore word.**

HIV staan vir die virus (Human immunodeficiency virus) wat AIDS of VIGS in Afrikaans (Verworwe Imuniteitsgebrek sindroom) veroorsaak. Vanaf die vroeë tagtiger jare toe die virus geïsoleer is tot byna 20 jaar later, het verkeie mense reeds aan die siekte gesterf. Byna 1 miljoen in Suidelike Afrika tot en met 1996. Die virus is geïsoleer deur Luc Montagnier in Frankryk in 1983 en deur Callo in die VSA. Aanvanklik is die siekte gesien onder homoseksuele mans wat longontsteking opgedoen het deur die seldsame bakterie *Pneumocystis carinii*. Die behandeling hiervan was onsuksesvol weens die swak immuniteit wat die virus veroorsaak deur die T-limfosiete in die liggaam aan te tas. In die tagtiger jare was die siekte veral in die groot stede soos San Francisco, Los Angeles en New York onder homoseksuele mans bekend. Waarskynlik het die virus sy oorsprong van 'n aapsoort in Afrika, wat self niks oorkom van die virus nie, maar op een of ander manier na die mens oorgedra is en so muteer het, dat dit vinnig in die mens kan versprei.

Die siekte het so uit Afrika oor die hele wêreld versprei via besmette Afrikaanse immigrante. Weens die homoseksuele gedrag van wisseling van kontakte, soms selfs meer as een kontak per dag, het die HIV epidemie ongelooflik vinnig uitgebrei. Massale byeenkomste soos popkonserte het dit veral in die hand gewerk.

Tans plat die groei van die siekte in eerste wêreldlande af. Noord Amerika en Europa ervaar 'n negatiewe groeikoers (-13%), terwyl

die grootste groei in Suidelike Afrika (37%) en Asië (261%) plaasvind. Die verwagting is dat binne die volgende 10 jaar 12 miljoen mense in Suid Asië HIV positief sal wees.

Dieselfde geld vir Suidelike Afrika waar 'n postiewe koers gelykstaande aan die totale werksmag van Suid-Afrika verwag word. 40% van ons mynwerkers is HIV positief. Voorgeboorte klinieke in veral Natal en Gauteng rapporteer 'n positiewe HIV-syfer van twee uit elke vyf vroue in die kliniek. Die getal HIV positiewe pasiënte in SA word tans gereken op een uit elke vyf mense.

VIGS wesies is aan die toeneem. Verlede week het ek 'n 52 jarige vrou in die kliniek gesien met erge depressie., Haar dogter van 21 is onlangs oorlede en kort daarna haar "boyfriend" wat op daardie stadium in die tronk was. Die ouma versorg nou die drie-jarige weeskind wat ook HIV positief is. Die vooruitsigte vir die kind is sleg.

> *Die dokter wat nie die sewende gebod betrek in sy behandeling en voorkoming van vigs nie, ignoreer die koningswet*

In 'n gemeenskapshospitaal soos Mamelodi, sterf daar weekliks byna 'n handvol mense aan VIGS.

Onlangs het die VIGS probleem ook bespreking in die parlement ontlok. Daar is onder andere gesê dat die lewenstyl van arm mense in Suid-Afrika die oorsaak van VIGS is. Met lewenstyl word die lewensomstandighede van die lae sosio-ekonomiese groep mense in Suid-Afrika bedoel. Swak behuising, sanitasie en watervoorsiening byvoorbeeld.

Uiteraard speel hierdie faktore 'n belangrike rol by die progressie van die siekte en is dit belangrik dat daar ook hard gewerk word om hierin verbetering te bring.

## Lewenstyl of sondige lewensstyl?

Daar is egter iets wat misgekyk word. Dit is naamlik die feit dat die oorsaak van VIGS inderdaad die lewenstyl van mense betrek, maar dan veral 'n *sondige* lewenstyl. 'n Lewenstyl wat met die sewende gebod van die HERE nie rekening hou nie. 'n Lewensstyl wat nie die goeie koninkrykswet van die HERE in ag neem nie, en by die oortreding daarvan rampspoedige gevolge vir die gewone lewe op die hals haal.

Die sewende gebod het geweldige implikasies vir die mediese etiek. Dit is veral belangrik in die VIGS problematiek. 'Jy mag nie egbreek pleeg nie'. Hierdie gebod geld nie net vir getroudes nie, maar ook vir ongetroudes. Met hierdie gebod wil die HERE die lewe van sy kinders beskerm sodat ons kan doen wat die HERE van ons vra in sy koninkryk. Dit is om onder andere kinders, vaders, moeders en dus gesinne in sy koninkryk te wees.

In die sewende gebod kom die HERE na ons om ons te leer: 'My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam' (Spreuke 4:20-22). Is dit nie 'n pragtige logo om die stryd teen VIGS aan te knoop as christen dokters en verpleegsters nie. *Genesing vir die hele liggaam* lê opgesluit in die gebod om die liggaam rein te bewaar voor en binne die huwelik. Is dit nie dié voorkomende maatreël in die stryd teen VIGS nie? Voorkoming beteken tog om siekte van die liggaam te voorkom? Laat ons profeties met hierdie voorkomende genees-kundige woorde uit die Skrif ook na die risikobevolking in ons praktyk en omgewing gaan. Inderdaad, die Skrif leer ons dat daar *genesing van die liggaam* geleë is in die luister, bewaar en uitvoer van die gebooie van die HERE.

## Is die Skrif 'n uitgediende boek?

Is die Skrif 'n uitgediende boek wat nie meer iets te sê het vir die probleme van die 21ste eeu nie? Hoegenaamd nie, elke christen werker in die geneeskunde kan profeet wees in ons dag. Profesie uit die Skrif wat die lewe genees.

Die hele vyfde hoofstuk van Spreuke spreek die sondige lewenstyl wat die oorsaak van VIGS is, aan. 'Want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp. Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe' (Spreuke 5:3-5). Inderdaad word VIGS nie hier beskryf nie, maar iemand wat al aan die sterfbed van 'n jong 25 jarige man met VIGS gestaan het, sal iets besef van die bitterheid wat hier geskilder word. Die bitterheid wat die oortreding van die sewende gebod meebring.

Paulus verwys ook in 1 Tessalonisense 4:4-5 na die hartstogtelike begeerlikheid van die heidene, en roep die gemeente op dat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eer moet verkry. Dit is inderdaad die hartstogtelike begeerlikheid wat in ons samelewing, in beide die gegoede woonbuurte as die 'townships' die toon aangee. Is dit nie die wortel van die moderne afgodery wat uitdrukking vind in die vermaak van die 21ste eeu nie? Die naweekkultuur van pret en plesier, die leesstof en kykstof (veral die sogenaamde 'sepies') om ons, selfs tot in ons huise. Waarom sien ons so baie jongmense met VIGS? So baie 'ongewenste' swangerskappe? So baie plakkate wat kondome adverteer as die oplossing vir VIGS? So baie huise sonder 'n pa?

Die gewoond raak hieraan het al sover gevreet, dat die gebod van die HERE nie meer raakgesien word nie. Daardie goeie gebod wat ons lewe wil beskerm.

Elke christen dokter is dit aan sy pasiënt wat in die risikogroep van HIV val, verskuldig om profeties die goeie gebod van die HERE voor te hou.

Die dokter wat nie die sewende gebod betrek in sy behandeling en voorkoming van vigs nie, ignoreer die koningswet. Ons sou in vandag se terme kon sê dat hy onwetenskaplik optree, omdat hy 'n deel van dit wat bekend is nie in sy behandelings- of voorkomingsplan gebruik nie. Dit is tog die twee gegewenhede waarmee ons as medici kan werk? Eerstens die skepping waardeur ons allerhande behandelingmoontlikhede kan gebruik. Maar tweedens ook die Skrif wat aan ons duidelik maak wat ons in hierdie lewe nodig het om tot God se eer te lewe (NGB art.2). Natuurlik is geloof nodig om te aanvaar dat die Skrif die koningswoord van die Koning van die kosmos is, en dat die Skrif ook inderdaad implikasies het vir die gewone lewe. Meeste medici aanvaar dit nie meer nie, en voel dus dat die sewende gebod nie 'n plek in die voorkomingplan van HIV het nie.

Die wet van die HERE is *heilsaam*, ook vir die praktyk van die medikus. In die algemeen sou ons die welvaartsiektes kan opvat as gevolge van 'n onheilsame leefwyse en derhalwe 'n oproep tot bekering. Ons sou so ook VIGS kon sien as 'n oproep om die wet van God in ag te neem met betrekking tot die seksuele lewe. Ons sal vigs pasiënte met christelike barmhartigheiddiens moet versorg binne die raamwerk van God se wet. Dit is ons priesterlike taak. Laat ons as medici die sewende gebod inbou in ons mediese praktyk, deur hierdie koningswoord profeties te gebruik.

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

# OP DIE HURKE EN OP DIE SKOUERS

Onder hierdie titel skryf JJ Burger in *Nader Bekeken* van Maart 2000 enkele insiggewende opmerkings oor kinderopvoeding.

*'n Goeie opvoedkundige sit een oomblik op sy hurke, by die kind, naby die grond. Hy maak hom klein saam met die kind, speel saam op kindervlak en help om die grootmenswêreld te verklein tot die vlak van klei-speel en blokke bou. Motors word karretjies, huise word pophuise. Die opvoeder speel op die regte oomblik saam in die kind se spel: op sy hurke.*

*Maar die volgende oomblik neem die opvoeder die kind saam na die grootmenswêreld. Die kleuterknapie kom saam met pappa na die motorhawe, waar die gesinsmotor gediens word. Die peutersussie mag saam met mamma saamgaan supermark toe. Met haar klein handjie in mamma s'n loop sy oor die groot parkeerterrein met die honderde blink motors. En sy help om inkopies in te pak. As sy bo by die rak nie kan bykom nie, tel mamma haar op – sodat sy wel kan bykom. Ouers tel hulle kleingoed hoog bo hulle eie wêreldjie uit om die dinge van die grootmenswêreld te kan bykom: bo-op ons skouers!*

*So wissel die opvoedingstrategie. Die een keer is die opvoeder klein saam met die kinders. Die ander keer word die kind opgetel na die vlak van die volwassene. Die opvoeder wat albei hierdie aksies in perfekte harmonie kan uitvoer, is 'n wyse mens. Waar die harmonie ontbreek, loop sake egter ongetwyfeld skeef.*

*In derde-wêreld-lande moet kinders soms vinnig groot wees. Kinder-arbeid is volop. Op 'n té vroeë leeftyd word té groot verantwoordelikhede opgelê. 'n Kind mag nie meer kind wees nie. Opvoeders weier om op die hurke te gaan, maar trek die kind tydig en ontydig die hoogte in. Die skade is groot. Kinders ontspoor.*

*Maar andersom kan dit ook. Die kinders word nie ryp gemaak vir die volwasse wêreld nie. Inteendeel, kinders word welbewus klein gehou: moenie so maak nie, dit is te moeilik vir jou, daarvoor is jy heeltemal te klein. Sulke opvoeders sit die kinders nooit, of heeltemal te min, op hulle skouers. Daar is geen tyd of lus om stil te staan en te sê: kom ek verduidelik vir jou, laat ek jou vertel van hierdie wonderlike ding in die grootmenswêreld. Die skade is hier ten minste net so groot. Kinders leer geen verantwoordelikheid nie, en die samelewing sit met die probleem van uitgestelde volwassenheid.*

Burger pas die noodsaaklikheid van die regte verhouding tussen skouer- en hurke-opvoeding ook op die kerklike lewe en geloofsopvoeding toe. Hy skryf:

*Ek dink dat geloofsopvoeding in die verlede dikwels te veel 'op die skouers' was. Kinders moes in die kerk gou groot wees. Maar vandag vrees ek die teenoorgestelde. Hoe vinnig sê ouers nie 'Dit is te moeilik vir die kleintjies!' nie. Die liturgie moet aangepas word. Daar word gevra vir eredienste op die hurke. Kindervriendelik. Ongetwyfeld moet die geloofsopvoeder soms op die hurke gaan. 'n Mens moet langs jou kind op die knieë gaan om die kindergebedjie op te sê en die Bybel kinderlik verstaanbaar te vertel. Eredienste moet bepaaldelik nie kind-ónvriendelik wees nie. Maar in dieselfde asem moet toegevoeg word dat die geloofsopvoeder die kind op sy skouers optel. Die kind moet leer wat erediens is: God en sy verbondsvolk kom bymekaar – en jy hoort ook daar! En as daar dinge is wat die kind nie verstaan nie, vertel dit dan heel kinderlik wat daar gebeur het, wat daar alles gesê is. As die predikant oor die wedergeboorte gepreek het, mag die reaksie nie wees 'Hy het ver bo ons arme kinders se vuurmaakplekke gepreek' nie. Dan moet sensitiewe, gehoorsame geloofsopvoeding wél wees: in die Woord van God is daar groot en heilige dinge waaroor die dominee vanoggend pragtig gepreek het, en waaroor ek in eenvoudige taal nou meer vir jou gaan vertel.*

'n Artikel om oor na te dink. Talle van ons kinders word groot met 'n sogenaamde baba-Bybeltaal: 'Liewe Jesus'. Daarmee saam kinderkerk en jeugdienste. Die druk neem toe vir nog meer kindervriendelike eredienste en gemeentesamekomste. Die jeug mag nie van die kerk vervreemd raak nie. Poppespel op die preekstoel om die Woordverkondiging meer verstaanbaar te maak. Kan dit nog as geloofsopvoeding op die hurke beskou word? Luister na vele volwassenes wat dit steeds oor Liewe Jesus het, selfs so bid - dan het daar van 'skouer-werk' klaarblyklik weinig tereg gekom. Intussen word die geloofsdilemma groot. Hoe kan Liewe Jesus toesien dat daar soveel hartseer in hierdie wêreld is? Liewe Jesus sal mos nie toelaat dat net sekere mense uitverkies word en ander verwerp word nie? Geloofskrisisse in die volwasse lewe. Maar waar het dit begin? Waar anders as by die begin, by die harmonie tussen hurke en skouers. Laat elke ouer, elke kategeet, elke onderwyser en onderwyseres, elke Bybelstudie-leier wat 'n oor het, met opmerksaamheid hierna luister.

# HOOP VIR DIE CHRISTELIKE GESIN

In *Clarion*, die tydskrif van die Gereformeerde Kerke in Kanada, word die afgelope maande 'n reeks artikels aan die christelike gesin gewy. In die uitgawe van 17 Maart 2000 verskyn 'n geskrewe opsomming van 'n toespraak deur dr Michael Goheen. Die titel lui: *Family Worship – Huisgodsdiens*. Slegs die hoofpunte word uitgelig:

*Daar is baie redes waarom huisgodsdiens belangrik is. Ek noem twee.*

- *Huisgodsdiens bou die geloofslewe van die hele gesin, in besonder dié van die kinders.*
- *Huisgodsdiens bou gesinseenheid.*

*In die boek Deuteronomium, hoofstuk 6, word die taak in besonder aan die vader van die huis opgelê om die kinders te onderrig en te leer. Huisgodsdiens is 'n Godgegewe opdrag, en daarom van kernbelang. Langs die weg van gesamentlike diens aan die Here word geloof gebou.*

*Tegelyk word die gesinsband verstewig. Na 'n dag van harde werk, waarin elke gesinslid sy en haar frustrasies ondervind het, is dit wonderlik om saam stil te word voor God: saam Bybel te lees, saam te bid, saam te praat oor die kerklike belydenisskrifte.*

*Die elemente van huisgodsdiens is sang, gebed, Skriflesing en gesprek oor geloof.*

*Sang is buitengewoon belangrik by huisgodsdiens. Luther sê êrens: gee my die verkondiging van die Woord en die musiek van die kerk, en ek sal die hele kerk verander. Musiek bou die geloofslewe. Vir jong kinders is min dinge in hulle geloofsgroei van so 'n groot waarde as die sing van Psalms.*

*Daarmee saam gebed. Geen gebed as nakoming van 'n blote plig nie, maar skriftuurlike gebed. Deurleefde gebed. Gebed waarin God gedank word vir al sy genadegawes. Gebed waarin besonder voorbidding gedoen word vir ander. Gebed waarin die kinders ook geleentheid kry om voor te gaan.*

*Skriflesing moet só gedoen word dat die gesin onder die indruk kom van Wie God is, wat Hy gedoen het en nog steeds doen. Ons taak en roeping in die koninkryk van God moet duidelik na vore kom. Dit moet bespreek word in die konkrete omstandighede van die gesin.*

*In aansluiting daarby behoort die belydenis van die kerk voortdurend aandag te kry. Ons besit die pragtigste belydenisskrifte. Hulle moet gelees en herlees word – tydens huisgodsdiens. En die betekenis daarvan moet in ons huidige situasie uitgelê word.*

*Om aan behoorlike huisgodsdiens reg te laat geskied, is ferm dissipline in die huislike lewe noodsaaklik. Kinders moet van kleins af (voor drie of vier jaar) blootgestel wees aan die gesonde patroon van huisgodsdiens. Geen tyd en moeite moet ontsien word om hierdie basiese grondslag van kinders se geloofslewe te lê nie. Buitendien sal ervaar word dat die mees kosbare bande om die huisgodsdienstafel gesmee word. Hoe anders? Die gesin is immers een in die Here!*

Hierdie artikel slaan die spyker op die kop. Die skriftuurlike eis tot huisgodsdiens durf nie verontagsaam te word nie. Die werklikheid in baie gesinne is egter bedroewend. Persentasiegewys is dit 'n klein getal gesinne waar daar nog wel gereeld huisgodsdiens gehou word. Dit kan kategete en onderwysers bevestig, as daar by kinders in die skool en die katkisasie navraag hieroor gedoen word. Die rede waarom dit nie gebeur nie? Geen tyd nie. Afwesige ouers (of kinders). Daar word nie meer saam geëet nie. Individualisme verslind die gesinslewe. Gevolg: gesinsverbrokkeling. As terapie hiervoor word wegbreeknaweke vir die gesin gereël. Allerlei opwindende aksies word onderneem om die gesinslede weer aan mekaar te bind. Tragies. Die ABC van 'n gesonde gesinslewe is die gesamentlike buig voor Gods Woord. Hiervoor behoort elke christelike gesin hulle by uitstek te beywer. God eis dit, kragtens ons doopbelofte.

# DIE KERK IN DIE MIDDE-OOSTE

In verlede maand se persskou is daar verwys na die aanslag van die Moslem-afgodsdiens op die christendom. Die gevaar van militante Moslem-'sending' moet geensins onderskat word nie. Dit leer die kerkgeskiedenis ons. Aan die ander kant moet ons Christus se liefdevolle sorg vir sy gehoorsame kerkvolk nie uit die oog verloor nie. As Hoof van sy kerk beskerm en bewaar Hy ons teen alle vyande (HK Sondag 19). Daarvan is die volgende gegewens uit *Open Doors*, soos aangehaal in *Nader Bekeken* van 4 April 2000 'n treffende voorbeeld.

In die Februarie 1991-uitgawe van *Open Doors* skryf 'n patriarg in Damaskus: 'As dit so deurgaan, is daar in die jaar 2000 geen kerk meer oor in die gebied wat die bakermat van die christendom is nie'. Intussen het die jaar 2000 aangebreek, en kan 'n vergelyking getref word tussen die stand van sake in 1991 en vandag.

*Libië*

*In 1991 het ons nie geweet of daar 'n inheemse kerk was nie. Die aantal christene onder gasarbeiders was onbekend. Nou is daar 'n klein inheemse ondergrondse kerk. Gasarbeiders het effens meer vryheid om hulle geloof te beoefen. Ons skat dat daar onder hulle ongeveer 100 000 christene is.*

*Saoedi-Arabië*

*In 1991 was hier geen inheemse kerk nie. Nou weet ons dat daar wel Saoediese christene is. Weens die groot gevaar kom hulle nie as kerk bymekaar nie. Onder die gasarbeiders is daar ongeveer 600 000 christene. Hulle moet ook in die geheim vergader.*

*Turkye*

*In 1991 was daar sowat 95 000 christene. Die meeste van hulle het in Istanbul gewoon. Intussen het die uittog van Armeense en ortodokse christene uit Turkye voortgegaan. Daarteenoor staan 'n geringe groei van protestantse christene. Op die oomblik woon daar ongeveer 90 000 christene in Turkye.*

*Libanon*

*Hier het die christene in 1991 'n raps minder as die helfte van die bevolking uitgemaak: ongeveer 1,9 miljoen mense. Tans is daar ongeveer 1,28 miljoen christene in Libanon (40%). Libanon is die land met die meeste godsdiensvryheid in die Midde-Ooste, gevolg deur Jordanië.*

*Jordanië*

*In 1991 was 5% van die bevolking christen. Nou is daar ongeveer 225 000 christene. Dit kom neer op 4,7% van die bevolking.*

*Sirië*

*In 1991 was 10% van die bevolking christene. Nou is daar 1,5 miljoen christene, dit is 8,2% van die geheel.*

*Israel*

*In 1991 was daar 160 000 Arabiese christene, en 'n baie klein aantal Joodse christene. Nou is daar 165 000 christene, waarvan ongeveer 6000 Messiasbelydende Jode. Die toename van die getal christene is danksy 'n toestroming van immigrante uit die voormalige Sowjet-Republiek.*

*Irak*

*In 1991 is daar tussen 600 000 en 750 000 christene getel. Die aantal het stabiel gebly.*

*Egipte*

*In 1991 is die getal christene op 5 miljoen geskat. Intussen is noukeuriger statistieke beskikbaar, en word die getal op 8 miljoen gehou. Die groei word toegeskryf aan beter statistieke, en aan toename in die bevolking. Verhoudingsgewys het die getal christene egter nie toegeneem nie, maar eerder agteruitgegaan teenoor ander godsdienste.*

Syfers op papier vertel uiteraard nie die volle verhaal nie. Veral nie syfers wat geskat word nie. Bowendien is die term christen 'n sambreel vir enigiets van Rooms tot Wederdoper. Tog gaan daar 'n boodskap van bogenoemde uit. Laat ons voorbidding vir sendingwerk onder Jode en Mohammedane nooit verslap nie. Laat daar altyd weer sendelinge en predikante geroep en gestuur word na gebiede waar die aanslag op die christendom groot is. Laat dit alles geskied in absolute afhanklikheid van ons Here Jesus Christus. Hy is besig om die wêreld vir die eindoordeel in gereedheid te bring. Daarvan getuig die syfers terdeë.